MUNISIPALITEIT DAWID KRUIPER MUNICIPALITY

POLICY 022/2017 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: **TYDELIKE SLUITING VAN STRATE/STRAATGEDEELTES MET DIE OOG OP FONDSINSAMELINGS**

REFERENCE/VERWYSING: **16.3.4**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **13.25/04/2017** DATE/DATUM: **25 April 2017**

BELEIDSOOGMERK: Om die sluiting van strate en straatgedeeltes vir straatbraaie en byeenkomste te beheer en te orden.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Om die gemeenskap die geleentheid tot fondsinsamelings en handel in die Sentrale Sakekern te bied.

RIGLYNE

Ander byeenkomste, insluitend straatbraai

1. Slegs diensorganisasies wat die hele gemeenskap dien en die georganiseerde handel, word in aanmerking geneem vir goedkeuring.

2. Straatsluitings word tot een geleentheid elke drie maande (tussenposes van **3 maande**) beperk en geen instansie kom vir meer as een so 'n geleentheid per **12 maande** tydperk in aanmerking nie.

3. Toekenning geskied op meriete en in volgorde van ontvangs, met inagneming van paragraaf 4 hieronder en mits aan die tersaaklike voorwaardes voldoen word.

4. Geen deurstrate of strate wat toegang tot parkeergebiede, dokters se spreekkamers of vulstasies verleen, sal vir straatsluiting oorweeg word nie.

5. Die geslote straat mag nooit so aangewend word dat die Brandweer en Nooddienste nie toegang tot hierdie straat of straatgedeelte het nie.

6. Straatsluiting mag nie tot gevolg hê dat die staanplekke van geregistreerde straathandelaars beset word nie en moet met inagneming van Verordeninge insake Straathandel (38 van 1999) en Raadbesluit insake Upington Informele Sektor, geskied.

Straatbraai

1. Geen drankverkope mag ter plaatse, tydens die geleentheid waarvoor die straat gesluit word, geskied nie.

2. Daar mag slegs van gasbraaiers gebruik gemaak word en braaiers moet verspreid oor die straatgedeelte opgestel/aangewend word, ten einde enige brand-/ontploffingsrisiko te beperk.

3. Geen voedselvoorbereiding, met die uitsondering van pannekoek, koffie, tee en die braai van braaivleis, wors en verwante produkte, mag op die terrein geskied nie.

4. Besonderhede van naam en adres van plek waar voedsel moet beskikbaar wees indien dit deur die Omgewingsgesondheidsdienste benodig mag word.

5. Alle onverwerkte produkte moet vanaf ‘n goedgekeurde bron verkry word.

6. Bederfbare produkte soos rou vleis en wors moet te alle tye onder **10°C** en gaarprodukte wat normaalweg warm bedien moet word, by minstens **65°C** gehou word.

7. Voedsel wat normaalweg warm bedien word kan op die perseel verhit word, deur van gastoestelle gebruik te maak.

8. Verkope moet deur die organisasie/instansie self, wat hulle deur middel van ‘n naambord of plakkaat moet identifiseer, behartig word en verkope mag dus nie op agentskapsbasis gedoen word nie.

9. Voldoende vullishouers moet deur die organisasie/instansie verskaf word en die terrein moet na afloop van die verkope in ‘n skoon en higiëniese toestand gelaat word.

10. Slegs goedgekeurde wegdoenbare houers/verpakkingsmateriaal is toelaatbaar.

11. Beskutting vir bedieningspunte asook ten opsigte van onverwerkte produkte moet tot bevrediging van die Bestuurder Omgewingsgesondheid op die perseel voorsien word.

PROSEDURE

1. Skriftelike aansoeke om goedkeuring, met verstrekking van die tersaaklike inligting, moet minstens **60 dae voor** die beoogde straatsluiting gedoen word.

2. ‘n Advertensie waarin besware, indien enige, teen die beoogde straatsluiting ingewag word:

2.1 moet minstens **30 dae voor** sodanige straatsluiting in die plaaslike koerant verskyn;

2.2 die koste van die advertensie word deur die instansie, ten behoewe waarvan die straat gesluit word, gedra;

2.3 ‘n afskrif van die advertensie moet per hand op alle geaffekteerde winkeleienaars bedien word.

3. Finale goedkeuring moet vanaf die Omgewingsgesondheid en Hoof Verkeersdienste verkry word alvorens gebraai word/verkope ‘n aanvang neem.

ROLLE

Hoof Verkeersdienste.
Brandweerhoof.

VERWANTE BELEID

Upington Informele sektor.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.